

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Desember 2013



Die regte fokus

## Lees binne...

- God is liefde – 1
- Oor gesnede beelde – 3
- Vervolging in die kerk – 4
- Kersboodskappe 2013 – 6

## In hierdie uitgawe

- Bl 1 God is liefde, juig ons harte! (Dr Gerhard Lindeque)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**  
Die regte fokus
- Bl 3 **Aktuele sake**  
Oor gesnede beelde... (Dr Piet van Staden)  
'n Vermaning aan die regering (NG Kerk)
- Bl 4 **Kerkwêreld**  
Kersfees 2013 en vervolging in die kerk (Herman Toerien)  
Nuwe redakteur vir *Kerkbode*
- Bl 5 **Kerkwerf**  
Nuwe redakteur vir *Die Hervormer*  
Kempton se gebedskomberse (Ds Etienne Fourie)  
Van der Hoff-bestuur verkies  
Bronkhorstspuit vier fees
- Ble 6-7 **Gespreksforum**  
Kersboodskappe 2013  
Homoseksualiteit en die kerk (Dr Koos Engelbrecht)  
Emerituspredikant oorlede  
Bybelgenootskap van Suid-Afrika  
Onthou dié datums
- Agterblad **Oordenking**  
Lééf uit die Bron van liefde (Ds Mariët Robbertze)

\*\*\*\*\*

## Die regte fokus

**Dr André Ungerer** skryf in sy laaste redaksionele berig dat Kersfees steeds die gewildste Christelike feesdag is, en dat die erediens op Kersoggend veel beter bygewoon word as die dienste tydens Paasnaweek. Die hele opbou na Kersfees in winkelsentrums met krismisvaders, Kersliedere en geskenke wat aangekoop word, dra by tot die vergissing dat Kersfees die belangrikste Christelike feesdag is, terwyl die hartklop van die evangelie eerder sentreer in die Paasgebeure. Boonop vergeet mense van die 52 Christelike feesdae wat net so belangrik is – die Sondae waar die gemeente in eredienste byeenkom om in ontmoeting met God te tree.

Die foto by die redaksionele berig is van Johannes die Doper wat deel uitmaak van Mathias Grünwald se Isenheimaltaarskildery oor die kruisiging (1515). Grünwald se skildery is tekenend van artistiese vryheid met Johannes die Doper wat Christus se kruisiging gadeslaan met die Bybel in die een hand. Johannes die Doper word uitgebeeld met 'n buitengewoon groot wysvinger wat na die gekruisigde Jesus wys. 'n Afskrif van hierdie skildery het vir 50 jaar in Karl Barth se studeerkamer gehang, en die uitbeelding van Johannes die Doper was vir hom 'n waardige metafoor van Christelike prediking waar veral Johannes 3: 30 tot sy reg kom: *Hy moet meer word, maar ek minder.*

Wat sou Johannes die Doper se boodskap vandag aan die kerk wees? Behalwe die heenwysing na Christus, ook 'n vingerwysing aan Christene wat erediensbywoning op Sondae en tydens die kerklike feesdae verwaarloos. Dalk sou hy ook vir ons vandag sê (Luk 3: 8): *Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is.*

\*\*\*\*\*

## God is liefde, juig ons harte!

**Dr Gerhard Lindeque**, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, skryf dat die mense in Job se tyd bang was vir God. Die boek Job is een van die jongste boeke in die Ou Testament waarin ons dus al reeds 'n beweging in die rigting van die Nuwe Testament kry van 'n behoefte na 'n nuwe manier van dink oor God. In die tyd tot en met die Nuwe Testament sou die wanopvatting oor God as 'n bestraffende en veroordelende God egter in felheid toeneem. Dit sou uiteindelik uitloop op die Joodse leiers, naamlik die Fariseërs en Sadduseërs, se oorbeklemtoning van wetsonderhouding as die enigste

manier om God te dien. Dit het dit vir gewone mense net nog verder onmoontlik gemaak om in verhouding met God te kon lewe. Uiteindelik sou God self moes kom om hierdie skewe beeld wat mense oor Hom gehad het, reg te stel.

Jesus Christus het uiteindelik vir ons kom wys hoe God werklik is. God is 'n God van liefde en genade. God is ons Vader vir wie ons nie bang hoef te wees nie. God vergewe ons en begin altyd weer voor met ons. Ons hoef nie in vrees voor God te lewe omdat ons sonde ons die heelyd aankla voor God nie. Die situasie het nou verander. Ons het nou iemand wat vir ons intree by God. Jesus Christus het die straf van God oor ons sonde volledig gedra. Ons hoef nou nie meer in vrees vir God se oordeel te lewe nie. In Jesus Christus het die almagtige en grote God vir ons kom wys dat Hy ook klein kan word, mens kan word en onder ons kom woon.

\*\*\*\*\*

## Oor gesnede beelde...

**Dr Piet van Staden** reageer op die aanvegbare uitlatings wat verskillende regeringslui voortdurend maak. Na berig word, het 'n prominente politikus van die ANC die dapper skoene aangetrek om die drieparty-alliansie van die ANC, Cosatu en die SAKP te bestempel as 'n *heilige drie-eenheid*. Dit sit 'n tendens voort wat vroeër gevestig is deur die president self, toe hy in 2008 gesê het die ANC sal regeer *tot Jesus kom*; in 2011 lede van die ANC bestempel het as ekwivalent aan die *heiliges*; en in 2013 die goedgesindheid van God vir die ANC opgeëis het met die stelling: *Whether we like it or not, God has made a connection between the government and the church...*

Die huwelik tussen (politieke) mag en geloof is 'n bouse konstruksie, 'n gesnede beeld waarvoor maghebbers daagliks verlei word om te kniel. Elke politikus en elke mens in 'n posisie van mag wat saam beitel aan hierdie beeld, stel hulle in die branding van die uitspraak van Eksodus 20: 5: *Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat.*

Dit is die profetiese stem van die kerk aan alle draers van mag: Julle is gekies en aangestel om diensbaar te wees aan die samelewing. Wees bewus van die konsekwensies van aansprake op goddelike sanksie vir onsuiver redes. Dit is gevaarlik omdat dit 'n misbruik is van die Naam van God. Elkeen wat dit doen, behoort koue rillings te kry...

\*\*\* Lees ook in hierdie uitgawe die persverklaring oor die uitspraak van die sekretaris-generaal van die ANC wat op 4 November 2013 uitgereik is deur dr Johann Ernst, Aktuaris, namens die Moderamen van die NG Kerk se Algemene Sinode. Die Hervormde Kerk identifiseer ten volle met die verklaring.

\*\*\*\*\*

## Kersfees 2013 en vervolging in die kerk

**Herman Toerien** vertel dat sowat 75 persent van die wêreld se mense wat weens hul godsdiens vervolgt word, Christene is, luidens 'n nuwe verslag van die organisasie Aid to the Church in Need (ACN). Uit die lywige verslag van bykans 200 bladsye, *Persecuted and forgotten?* blyk dit dat geweld en diskriminasie teen Christene die afgelope verslagjaar in minstens 20 lande toegeneem het. Ver al drie lande word uitgesonder, naamlik Irak, Sirië en Egipte. Sedert die Amerikaans geleide inval in Irak het die Christenbevolking, meestal Assiriërs, van 1,4 miljoen tot 'n geraamde 400 000 afgeneem. Baie Christene het uitgewyk na Sirië wat as toevlugsoord vir Christene beskryf is, maar ook daar het Christene die spit begin afbyt, en gevlug. In Egipte is 80 aanvalle op kerke die afgelope twee en 'n half jaar aangemeld, en sowat 200 000 het reeds die land verlaat. 'n Algemene prentjie wil-wil ontvou dat van die oudste Christengemeenskappe ter wêreld, en wat hulle in die Midde-Ooste bevind, erg onder druk geplaas word.

\*\*\*\*\*

## Kersboodskappe

Lees die boodskappe vanuit die Eendrachtkring, die NHSV Hoofbestuur, die Fakulteit Teologie, die Sinodale Kerkkantoor, SENTIK en die Algemene Diakensvergadering.

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor *Kerkbode* se nuwe redakteur, die nuwe redakteur en subredakteurs wat vir *Die Hervormer* benoem is, Gemeente Kempten se gebedskomberse, die nuwe Van der Hoff-bestuur, Bronkhorstspuit se viering van die 100-jarige bestaan van hul kerkgebou, en emerituspredikant ds Koos Viljoen wat in die ouderdom van 87 jaar oorlede is.

**Ds Mariët Robbertze** se oordenking wys ons daarop dat daar nie plek was vir die Verlosser om gebore te word nie. Sy ouers kry egter wel 'n plekkie – die mees onwaarskynlike plek, naamlik 'n stal. In die stal weet die babaseuntjie self nie dat daar nie vir Hom plek was nie. Hy is inderdaad salig onbewus daarvan. Sy ma versorg Hom met dieselfde liefde as waarmee sy dit in enige ander plek sou doen. Sy draai Hom toe, hou Hom warm en geborge, en sy is daar vir Hom. Haar liefde en sorg is nie plekgebonde nie. Geen ouer se liefde vir sy kind is plekgebonde nie.

Die verhaal van Jesus se menswording herinner ons daaraan dat God se daarwees vir die mensdom nie plekgebonde is nie. Die verhaal herinner ons daaraan dat daar altyd iemand is wat vir ons instaan en vir ons plek maak. Jesus self staan vir ons in en maak vir ons plek hier, en in die lewe hierna. Selfs in die onwaarskynlikste plekke waar 'n mens jou kan bevind, is God daar. In lewe en in sterwe behoort ek immers aan my Verlosser, Jesus Christus.

\*\*\*\*\*